

Wat die hart van vol is, loop die mond van oor

“Dit gaan goed met jou, Israel! Wie is soos jy? Jy is ’n volk wat deur die Here verlos is!” (vs 29).

Wanneer laas het iemand dit vir jou gesê: “Dit gaan goed met jou! Jy is mos die een wat deur die Here verlos is!” Of laat ons die grootoog-verwondering van die mooi wat Hy met ons doen, verdrink in al die negatiewe drogbeelde wat ons ons gemoed laat regeer?

Luister maar wat mense praat – die mond loop mos oor van wat in die hart is: Wat ’n geklaery oor wat ander se skuld is! En dit nogal uit verlostes se mond!

Ag nee, kom nou. Ons kan vertel van die troetelnaampies waarmee die Here ons noem – “Jesurun!” Vertel van sy koninklike majesteit en hoe Hy my lewe heerlik regeer. En praat oor die keer toe Hy my beskermend in sy arms opgeraap het!

Het jy al in ’n negatiewe geselskap gesit en gewonder hoe op aarde jy die gesprek kan omdraai sodat ons saamwees tog net iets van ons verlos-wees vertel? “Ek sien ’n paradys van vrede, koring en druiwe en dou uit die hemel.” Stilte. Vreemde kyke. Is hy die kluts finaal kwyt? “Het jy die nuwe slaggat gesien ...?”

Hier is goeie raad: Sien raak wat die Here doen en jou hart sal sommer lig word. En praat dááror. Dit sal jou gemoed goed doen om jou stem te hoor praat oor die mooi dinge wat jou Verlosser en Beskermmer doen.

Hierdie was Moses se laaste aangetekende woorde voordat hy die berg saam met die Here op is om eers die beloofde land net van ver te sien en dan te sterf en ongemerk begrawe te word. “Dit gaan goed met jou, Israel ...!”

Sing: Psalm 72:2, 6, 10, 11 (1936)

Ds. JP Fleischmann (Kaapstad)